

FAKKEL-FLITSE

Weeklikse nuusflitse vir 'n ingeligte Framesby-familie!



UITGAWE 359 · 17 JANUARIE 2025

HOËRSKOOI FRAMESBY SKITTER MET KWALITEIT UITSLAE!


TOELATING TOT
GRAADSTUDIES
80,0%

TOELATING TOT
DIPLOMASTUDIES
15,8%


AANTAL KANDIDATE
SLAAG
99,1%

95,81%
VAN ONS KLAS VAN 2024
KAN AAN 'N HOËR ONDERWYS-
INSTELLING STUDEER

ALGHELE SLAAGSYFER: 2024

GRAAD 12	213/215	99,1%
GRAAD 11	212/213	99,5%
GRAAD 10	241/245	98,36%
GRAAD 9	246/247	99,59%
GRAAD 8	281/286	98,25%

ALGHELE SLAAGSYFER
1193/1206 98,92% 

7 ONDERSKEIDINGS



6 ONDERSKEIDINGS



SIMBOOLVERSPREIDING:

AANTAL LEERDERS:	SIMBOOL BEHAAL:
14	A
36	B
73	C
63	D
28	E
1	F

10 UIT 20
VAKKE SPOG MET
60%+
GEMIDDELD

65,4%
GEMIDDELDE %
VAN LEERDERS

5 ONDERSKEIDINGS



4 ONDERSKEIDINGS



3 ONDERSKEIDINGS



DANKIE AAN ONS VOEDERSKOLE!
SUNRIDGE PRIMËR, CHARLO, LORRAINE, VERKENNER, KABEGA, NEWTONPARK,
HANDHAAF, ALTONA, MOUNT PLEASANT, SONOP, DR VILJOEN, ROWALLANPARK
ONS SUKSES IS OOK ONS VOEDERSKOLE SE SUKSES!

**HIERDIE WEEK SE FAKKEL-FLITSE WORD MET TROTS GEBORG DEUR:
SUNRIDGE VILLAGE**

BELANGRIJKE DATUMS

vir volgende week

Januarie

19	20	21	22	23	24	25
Tweekamp: Liga 5 Swem: Oopwater kampioenskappe (NMB)	DH: DEJ Atletiek: 07:30-08:30 Aankoms 08:30-17:00 Interhuis	Dag 3 Notule 1 na AH Atletiek: Interhuis 14:30-16:00 Spiesgooi 15:00 Hammergeooi (NMU)	Dag 4 15:00-16:00 Mediaprefekopleiding Drama audisies: 14:30 Proscenium kompetisie	Dag 5 Personeel: 21ste eeu Onderrigmetodes SOS (Saal)	Dag 6 Matriekdag (Willows)	Tennis: 09:00 Framesby Tennisouers oggendgeselligheid Krieket: 0/14A,0/15A vs Grey (w) 2de vs Grey (t) Atletiek: EPA Liga 2 (NMU) Swem: River Mile

WELKOM GRAAD 8'S

Welkom aan die 2025 Framesby-Flitsies!

Ons oriënteringsweek het Maandag met groot entoesiasme afgeskop en ons glo dat ons groep van 286 gouts sal voel! Dankie aan ons Monitorbestuur wat hierdie graad 8's van die begin af só spesiaal laat voel het.



DIS LEKKER OM 'N FRAMESBY TE IS!



2025

WELKOM



terug aan al ons leerders!

'n Spesiale welkom aan
al ons nuwe leerlinge!



WELKOM AAN ONS NUWE PERSONEEL

AKADEMIE



JUFFROU *Ashlyn Bergins*

I am thrilled to be joining Framesby as an English teacher. I find immense joy in inspiring my learners to develop a love for literature, language, and effective communication. One of my favorite quotes about teaching is by Henry Adams: "A teacher affects eternity; he can never tell where his influence stops." This quote resonates deeply with me, as I believe in the lasting impact that education can have on the lives of learners.

Outside the classroom, I treasure quality time with my family, who are my greatest source of encouragement and motivation. When I'm not with them, I enjoy following the exhilarating world of Formula One - a pastime that never fails to keep me on the edge of my seat. I also have a deep appreciation for exploring different cultures and perspectives, which broadens my understanding of the world and enriches my teaching. I am excited to build meaningful connections with my learners, and contribute to the vibrant community at Framesby.



MENEER *Ruaan Botha*

Ek en my vrou, Mariaan, is 23 jaar getroud en ons het drie kinders. In my vorige loopbaan was ek 'n boekhouer, maar ek het in 2015 'n graad in Onderwys gaan studeer by NMU. Ek is aangestel in 'n Beheerliggaampos vir Besigheidstudies, LO en EBW. Ek geniet dit om in die natuur te wees, volg Formule 1 Grand Prix en het 'n lang lys van belangstellings. Dis vir my lekker om nuwe mense te ontmoet en is opgewonde om deel van Framesby te wees!



MENEER *Evan Engelbrecht*

Aangestel as Toerisme en Geografie-onderwyser. Is ook betrokke by die atletiek en die skiet. Bietjie meer oor myself: Ek is getroud en ons het 2 seuns. Die sport wat ek die meeste geniet, is tennis en dan doen ek, en my seuns, gereeld hikes. Ek is op my gelukkigste as ek in die natuur kan wees, alleen of saam met vriende en familie. Ek glo mens moet nooit ophou groei op jou lewenspad nie; mag dit geestelik of intellektueel wees. My fundamente is op God gebou en Hy is my Rots vir my lewe.



JUFFROU *Anene Goosen*

Nuwe energieke Lewensorientering- en Besigheidstudies-onderwyseres. Oorspronklik van 'n plattelandse dorpie in die Vrystaat. Avontuurlustig, baie lief vir diere en bekend vir my gesigsuitdrukings wat meer spreek as woorde.



JUFFROU *Magrietha Voight*

Ek is Magrietha Voigt, 'n opvoeder met 27 jaar ondervinding. Ek is aangestel in die RTT, Graad 10-12 en Digitale Tegnologie, Graad 8-9, pos. My passie vir onderrig is my motivering om 'n positiewe impak te maak op die lewens van leerders en hul aan te moedig om hul drome te volg. Ek is opgewonde om deel van die Framesby-familie te wees.

WELKOM

AAN ONS NUWE PERSONEEL

SPORT



MENEER *Roelof Allers*

Hallo, Framesby-familie. Ek is mnr Allers en sal van die jaar af betrokke wees by die afrigting van junior rugby en krieket. Ek is 'n oudleerder wat in 2006 gematrikuleer het asook 'n oudonderwyser wat 'n groot liefde vir leerlinge en sport het.

Atletiekhoof

MENEER *Werner De Lange*



Ek is passievol oor atletiek. Ek rig baan- en veldatletiek, asook lang afstande af. Ek neem self ook deel aan meestersatletiek as 400m atleet, asook padwedlope oor verskeie afstande. Ek is die Voorsitter van die afrigterskomitee by OP-Atletiek, Klub Afrigter by Crusaders Atletiek Klub en het op verskeie geleenthede OP-Atletiek as spanafrigter na SA Kampioenskappe verteenwoordig. Ek is ñ pappa van ñ tienerdogter genaamd Ivanka. Ek is mal oor kamp (Mosselbaai is die plek!) Om mense te leer ken, te help om hulself te bevorder en verbeter in enige of elke moontlike aspek, is my passie.

Ek is bitter opgewonde om by Framesby ñ verskil te maak.

MENEER *Johann van Der Walt*




Posisie by skool : Sport Adminestreeerder

Ek was in 2023 in Matriek by Hoërskool Framesby. Ek het laas jaar my sertifikaat en diploma in afrigtingswetenskap voltooi terwyl ek die o.14 C en D-span by die skool afrig het. Hulle was my eerste groep wat ek by Framesby afrig het en ek is baie dankbaar vir wat ek ook kon geleer het by hulle. Ek het n tweelingsussie wat ook in Framesby was. Dis agv haar dat ek n liefde vir netbal ontdek het. Hoërskool Framesby het my die geleentheid gebied om my netbaldrome na te jaag en ek sien uit na die nuwe hoofstuk by die skool.



BUSDIENS



MENEER *Stephen Harris*




MENEER *Deon Taljaard*




MEVROU CHARMINE BEETGE

Baie geluk aan mevrou Charmaine Beetge wat as ons nuwe Sporthoof aangestel is. Ons is baie opgewonde oor die aanstelling en weet mev. Beetge gaan al die sport na hoër hoogtes neem.



MEVROU CHANTELE COETZER

'n Liefde vir Kultuur bruis in my are vir so lank as wat ek kan onthou. Sing is dié talent waarmee ek geseënd is. Ek bespeel die klavier as instrument. Ek was vir 6 jaar die hoof van die Musiekdepartement by St Thomas Aquinas. Ek het ook klasmusiek vir Gr R-7 gegee. Afrigting van Ukelele, Blokfluit, Stem, Gr 1-3 en Gr 4-7 Koor. Ek is baie opgewonde oor die Kultuur by Framesby en sien uit om elkeen van jul daar te sien.



GAUTENG SKAAKKAMPIOEN SLUIT BY FRAMESBY AAN



Baie geluk aan Jaculene Bothma wat die afgelope Desember vakansie in Polokwane, Limpopo (as deel van die Gautengspan) aan die Mzansi Inter-provinsiale skaak toernooi, deelgeneem het waarby sy onder die top 10 posisies geëindig het. Haar span het ook 2de geëindig en 'n silwer medalje verwerf. Die Gautengspan (algeheel) het dan ook tweede, naas Wes-Kaap geëindig.

Hierdie prestasie laat haar kwalifiseer om tydens die Maart 2025 skoolvakansie in Stellenbosch aan die SAJCCC deel te neem (op uitnodiging alleenlik). Daar gaan sy teen 54 ander o/16-meisies oor die land speel, vir 'n moontlike plek in die SA Protea skaakspan (om op Internasionale vlak vir Suid-Afrika te kan deelneem). Ons is sowaar baie trots op hierdie prestasie!

6 REKENAARLOKALE OPGRADER- BEHEERLIGGAAM GEBRUIK SKOOLFONDS — TOT VOORDEEL VAN LEERDERS —

Die infrastruktuur in al ses rekenaarlokale [matte/verf van klasse/aansteekborde/witborde/kaste/skerms] is opgradeer sodat ons leerders se leeromgewing aangenaam kan wees.

Ons leerders kry in hierdie lokale toegang tot die volgende vakke:

Digitale Tegnologie (alle graad 8 + 9 leerders)

Rekenaartoeëpassingstegnologie (Grade 10 - 12)

Inligtingstegnologie (Grade 10- 12)

Alle harde- en sagteware voldoen aan al die vereistes soos deur die Departement van Onderwys voorgeskryf word. Ons is verseker een van die min skole wat oor ses rekenaarlokale beskik en verseker 'n trekpleister vir leerlinge na die skool.

'N SKOOL WAT SY OOG OP DIE TOEKOMS HOU!



NETBALBANE-

Die Beheerliggaam is besig met die vernuwing van die oppervlakte van ons netbalbane. Dit sal teen einde Januarie voltooi wees.



SKIETBANE-

Herbou van ons skietbaan is in proses. Sal as 'n sport teen April 2025 aangebied word.



ASTRO-

HET JY GEWEET?

ONS GAAN BINNEKORT SPREILIGTE LAAT OPSIT.



UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Ouers

Ek plaas die volgende gebed van Gretha Wiid en mag dit besonders inspraak in ons lewens in 2025 vind.

GEBED VIR ONS KINDERS SE SKOOLJAAR

Dankie Here vir die vooruitsig van 'n nuwe jaar, geleentheid en uitdagings vir ons kinders. Dankie dat ek rustig kan wees, wetende dat al kan ek nie elke oomblik by die skool by my kosbare kinders wees nie U steeds met hulle is.

Ek bid dat U in hierdie jaar u guns op my kinders sal uitstort in alles wat hulle aanpak.

Gee asseblief vir hulle wysheid, insig, goeie oordeel en u onderskeiding in elke saak waarvoor hulle moet beslis – al is dit in die kleinste ou dingetjies.

Stuur vir hulle maats met 'n vaste koers wie se tree saam met hulle in u voetstaple gerig is.

Dankie dat ons kan verklaar dat geen wapen wat teen ons kinders gerig is tot uiting kan kom nie – in die Naam van Jesus.

Dankie dat U u engele opdrag gee aangaande ons kinders se veiligheid en beskerming.

Vader, ek bid dat my kind met die baie talente altyd sal onthou dat elke goeie gawe van U af kom en dat hulle U naam sal eer met die uitlewing van hierdie gawes op die skoolgrond.

Vir my kind wat soms sukkel, bid ek dat U self vir hulle sal vrede gee – wetende dat U nie die mens meet soos wat 'n skoolsisteem kinders meet nie – U meet hulle volgens die hart. Gee daarom vir hierdie kind van my 'n hart so na aan U – 'n leuehart wat spreek van die erfenis van die Leeu van Juda.

Maak my ouerhart rustig en gee vir my Goddelike wysheid – hoe om te praat, te vat, te luister en stil te wees as dit nodig is. Wys aan my die onsienlike en onuitgesproke behoeftes van my kind – sodat ek as ouer in hierdie jaar akkuraat mag liefhê, bemoedig en opvoed.

Ek bid al hierdie dinge in die Naam van Jesus – in geloof dat die Een wat ore gemaak het, my elke woord hoor.

Amen

Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om u en u gesin 'n voorspoedige 2025 toe te wens.

'n Besondere woord van welkom aan ons nuwe Graad 8-leerders. Dis 'n besondere groep leerders met emmers vol talent. Mag julle by Framesby julle volle potensiaal ontwikkel en mag ons Hemelse Vader jul vyf jaar by Hoërskool Framesby met die keur van sy seëninge seën.

Ouers, ek wil graag die volgende belangrike punte vir u uitlig:

A) OOPDEURBELEID

Ek rig weer 'n uitnodiging aan elke ouer om my te kom besoek oor enige aangeleentheid wat u pla. By HS Framesby het ons geen geheime nie en help graag met antwoorde waar u vrae het. Ons kan egter oor sienings oor die skool verskil, maar dit doen ons met groot respek vir mekaar se sienings. Afsprake kan voor by die sekretaresse gemaak word en wees verseker u besoek sal nie teen u en u kind gehou word nie.

B) FAKKELFLITS

Die bestudering van die weeklikse Fakkelflits word sterk aanbeveel. Dit is 'n uitbouing van inligting na u as ouer. Dit is op Framesby se Facebook-blad beskikbaar.

C) AFLAAI VAN LEERDERS [HEK A – E]

'n Vriendelike versoek dat alle leerders nie net by Hek B afgelaai moet word nie. HS Framesby groei sterk en die versoek van die bestuur van die skool is dat u ook u leerders by die ander 4 hekke moet aflaai. Maak van al vyf hekke gebruik om leerders af te laai. Geen leerders moet aan die binnekant van die skool afgelaai word nie.

D) VERKEERSREËLINGS

Ons wil u as ouergroep vra om ons in die VOLGENDE ASPEKTE BEHULPSAAM te wees:

- Ons wil versoek dat u die spoedgrens in die gebied en strate om die skool eerbiedig. U sal saamstem dat ons nie graag 'n situasie wil beleef waar een van ons in ons skoolgemeenskap of die breër gemeenskap onnodig in 'n ongeluk betrokke is nie
- Ons het leerders wat in die middag van busvervoer gebruik maak. Daar is egter ouers wat op die busparkeerplekke in Willowbystraat parkeer. Dié parkeerplekke is teen die skool en nou word die leerders gedwing om die pad te kruis.
- Ouers stop soggens en smiddae dwars voor die hoofingang, oor kruisings, voetoorgange, voor sommige hekingange en inwoners se opritte. Dit bring 'n verkeersopeenhoping mee en raak medepadgebruikers. Let asseblief op waar u stilhou en hoe u stilhou die verkeer beïnvloed. Veral Hek B het hierdie probleem.
- Daar is ouers wat leerders aan die verkeerde kant van die pad aflaai en teen die verkeer stilhou. Dit bring mee dat leerders teen die pad uit voertuie moet klim. U stel u kind dus in gevaar aangesien hulle baie maklik deur ander voertuie beseer kan word. Beplan asseblief u aflaaipunt en ry verkieslik óm die skool om u kind veilig af te laai.
- Wees bewus van leerders wat tussen voertuie beweeg en ook ander voetgangers wat op verskeie plekke wag om strate te kruis.

- Leerders wat toestemming het om met motorfietse skool toe te kom, moet op die spasio, soos deur die skool bepaal, stilhou. Hulle mag nie voor die skool parkeer nie.
- Leerders wat met motorfietse ry, moet van valhelms gebruik maak.
- Geen voertuie mag die skoolgebied binnekom om leerders af te laai nie.
- Geen ouers moet leerders op parkeerareas binne die skool aflaai nie.
- Leerders sonder rybewyse mag nie motors of motorfietse bestuur nie.
- Respekteer die sypaadjies van huiseienaars.

E) GROEI IN LEERDERTAL

'n Sterk groei in die getal leerders in HS Framesby is te bespeur. Veral in ons ander grade verwelkom ons ook 'n groot aantal leerders. Dit is vir ons 'n riem onder die hart dat soveel nuwe leerders en ouers by die Framesby-familie aansluit. Dit is beslis 'n sterk aanduiding dat Framesby besig is om hom te vestig as een van die leidende rolspeleers in Suid-Afrika.

F) NUWE PERSONEEL

Ons verwelkom in besonder die volgende nuwe personeellede by Hoërskool Framesby. Ons gebed is dat hulle baie gelukkig by die Framesby-familie sal wees en 'n besondere rol in ons leerders se opvoeding sal speel.

Mej. A Bergins – Engels Huistaal/Engels Eerste Addisionele Taal
 Mnr. R Botha - Ekonomiese- en Bestuurswetenskappe/Rekeningkunde
 Mnr. E Engelbrecht – Toerisme/Lewensoriëntering
 Mej. A Goosen – Lewensoriëntering
 Mev. M Voigt - Rekenaartoevoegingstechnologie
 Mnr. R Allers – Sport
 Mnr. W De Lange – Atletiekhoof
 Mnr. J Van Der Walt – Sport
 Mev. C Coetzer – Kultuurhoof
 Mnr. S Harris – Busbestuurder
 Mnr. D Taljaard - Busbestuurder

G) HULPKLASSE WISKUNDE

Hulpklasse vir grade 8 tot 10 sal Dinsdag, 11 Februarie 2025 begin. Tye is in die jaarbeplanner aangebring.

H) INTERHUISATLETIEK

Sien die volledige program in Fakkelflits.

REËLINGS VIR MAANDAG 20 JANUARIE 2025

07:30 Alle leerders moet om 07:30 alreeds op die pawiljoen sit

07:30 – 08:30 Optogte en aankoms van dirigente

08:40 – 17:00 Atletiekprogram soos in Fakkelflits (Ons versoek is dat leerders tot 17:00 bly, maar u kan u leerder alreeds van 14:00 kom haal indien so verkies – geen leerders sal voor 14:00 verskoon word nie)

TOEGANG VIR OUERS

Hek B	R20 per ouer.
Hek C	Elke ouer sal 'n plakker ontvang wat hy/sy sigbaar sal moet dra.
Hek A	Sal slegs vir administratiewe doeleindes gebruik word. Mev. C Botha sal u by die hek ontvang. Geen toegang vir leerders nie.

- Geen leerders mag die skoolterrein tydens die byeenkoms verlaat nie.
- Veiligheidspersoneel sal heeltyd aan diens wees.

I) GRAADHOOFDE

Graadhoofde is as volg ingedeel en kan op hul e-pos adres soos hieronder gekontak word:

	AKADEMIE	WELSTAND
Graad 8	Mev. H Strauss hstrauss.framesby@gmail.com	Mnr. K de Villiers konraddevilliers@gmail.com
Graad 9	Mev. T Nell twanell8@gmail.com	Mnr. A Alberts aalberts@framesby.co.za
Graad 10	Mev. M Snyders moniquesnyders.hsf@gmail.com	Mnr. P Bosch phillip.bosch15@gmail.com
Graad 11	Mej. N Potgieter npotgieter@framesby.co.za	Mev. E Jonker ejonkerframesbyhs@gmail.com
Graad 12	Mej. L Schelbert lschelbert@framesby.co.za	Mnr. D Barnard dbarries1995@gmail.com

Die pligte van die onderskeie graadhoofde word die onderstaande tabel aangedui:

AKADEMIESE GRAADHOOF	WELSTAND GRAADHOOF
<ul style="list-style-type: none">• Klasindelings• Intervensies• Oueraande• Akademie verslae• Rapporte• Bevorderings• Prysuitdelings• Handboeklyste• Volksskool• Nuwe leerders• Skoolverlaters	<ul style="list-style-type: none">• Afwesighede• Dissipline• Netheid• Skool verlaat deur die dag• Emosionele welstand• Mediese kondisies• Mediese sertifikate• Balkies• Mannafonds• Merietediplomas• Ouerinligting

J) KWARTAALPROGRAM

Aangeheg die eerste kwartaal se kwartaalprogram. Neem kennis dat daar veranderings is.

K) GRAAD 8-ORIËTERING

Ons graad 8-oriënteringskamp vind Vrydag en Saterdag plaas. Mag dit ook 'n geleentheid wees wat hul lewens verryk. Indien u enige navrae het, kan u mev. H. Strauss by hstrauss.framesby@gmail.com kontak.

L) AKADEMIESE STRUKTUUR

Die personeel aan hoof van die akademiese struktuur is as volg:

Mev. C Loftus – Akademie hoof en fasehoof graad 12 [cloftus@framesby.co.za]

Mev. R Hamilton – Akademie fasehoof graad 10 – 11 [rhamilton.framesby@gmail.com]

Mev. H Strauss – Akademie fasehoof graad 8 – 9 [hstrauss.framesby@gmail.com]

Enige navrae met betrekking tot akademie kan aan bogenoemde akademiese hoofde gerig word by bogenoemde e-posadresse.

M) NSS-REGISTRASIE GRAAD 12

Alle graad 12-leerders moes reeds hul inligtingsvorm en 'n afskrif van hul ID-dokument of geboortesertifikaat by hul voogde ingehandig het. Ons versoek dat u as ouers sal help om hierdie vorms asook enige verdere registrasievorms altyd betyds by die skool te besorg.

N) LTSM (LEARNER TEACHING SUPPORT MATERIAL)

- Waar leerders handboeke of voorgeskrewe boeke (Afrikaans en Engels) ontvang wat deur die departement voorsien is, moet u as ouer nou 'n amptelike ontvangserkenningvorm voltooi en teken.
- Hierdie vorm word dan by die skool geliasseer tot u seun/dogter weer daardie boek aan die einde van die jaar inhandig.
- U as ouer word nou deur die departement verantwoordelik gehou om die boek op te pas en/of te vervang waar nodig.
- Ons vra u samewerking in hierdie verband.

O) ALGEMEEN - AKADEMIE

- Sommige informele assesserings vind in die klaskamer plaas en sommige take word huis toe gestuur. Dit is in die leerders se belang om elke dag by die skool te wees. Alle SBA-take moet deur leerders voltooi word. Mediese briewe geld NIE vir SBA-take NIE.
- U sal in 'n volgende nuusbrief die datums waarop take uitgegee en weer ingehandig moet word, ontvang.
- Die Maart toetsreeks het verval. Die formele toetse word vanaf 6 Februarie soggens geskryf soos elke vak op die kwartaalbeplanner aangedui is.
- Waar leerders afwesig is tydens toetse moet 'n doktersbrief of kliniekbrief by die graadhoof ingehandig word.
- Sterkte aan elke leerder, ouer en personeellid wat saam die pad stap om van 2025 die beste jaar te maak.

Ouers, ek sluit af deur u te bedank vir u ondersteuning. Dit wat Hoërskool Framesby u leerder in 2025 op alle terreine bied, is voorwaar 'n winskopie. Hierdie geleenthede teen ons huidige skoolfonds sal u by min skole kry. Soos ek dikwels vir u sê: die toekoms is blou en goud. Kom ons werk almal daaraan om dit so te hou.



FRAMESBY-FAMILIE

ONS DINK AAN...

JAYDEN JANSEN VAN VUUREN

Een van ons graad 8-flitsies van 2024, Jayden Jansen van Vuuren, is tydens die Desember-vakansie met akute leukemie gediagnoseer. Jayden is 'n geesdrigtige 14-jarige met 'n liefde vir rekenaarspeletjies, Youtube, Robotika, Wiskunde en om tyd saam met sy vriende te spandeer. Sy aansteeklike glimlag en sagte hart het al menigte onderwyser en klasmaat aangeraak. Hy het reeds met behandeling begin en pak hierdie uitdaging moedig aan. Ons hou hom en sy gesin in ons gebede.



CHANRÉ BARNARD

Chanré was vir twee maande in die hospitaal na haar breinoperasie en het hard geveg om infeksies en ander komplikasies te oorwin. Sy is uiteindelik op 19 November na Aurora Rehabilitasie Hospitaal gestuur waar sy vir 12 weke deel is van 'n rehabilitasie program. Hulle werk aan haar loopvaardighede en het vertroue dat dit goed sal gaan met haar en dat sy sal vorder om haar volle mobiliteit weer terug te kry. Sy verlang na haar vriende, maar is positief oor die vordering. Ons bid vir haar en haar gesin en sien uit na haar terugkeer na Framesby.

Ons bewonder Chanré se krag en deursettingsvermoë. Haar plekkie by ons bly oop en reg vir haar terugkeer.

BERGFIETSUITSLAE:

Longmore Classic 1 Desember 2024

15km

Ruben van der Watt - 4e algeheel - 3e in ouderdomsgroep

30km

Anrico Kleyn - 4e algeheel - 2e in ouderdomsgroep

Daniel Gilmer - 6e algeheel - 3e in ouderdomsgroep

30km (vroue)

Ciarah Santos - 17e algeheel - 4e in ouderdomsgroep

50km

Jess Santos - 9e algeheel - 4e in ouderdomsgroep

Marko Delport - 33e algeheel - 5e in ouderdomsgroep

Woody Cape 28 Desember 2024

54km

Jess Santos - 9e algeheel - 4e in ouderdomsgroep

Ciarah Santos - 84e algeheel - 11e in ouderdomsgroep



SWEMUITSLAE:

Die volgende swemmers het op 11 Januarie aan die 'n Interdistrik swemgala deelgeneem. Ons deel graag hulle uitslae:

Kaitlynne Horne

1ste plek in 400m Vryslag
1ste plek in 200m "Individual Medley"
1ste plek in 100m Vryslag
2de plek in "Medley" aflos
3de plek in 100m Rugslag
2de plek in 200m Vryslag



Minette van Zyl

6de plek in 100m Vryslag
5de plek in 50m Vryslag
3de plek in 200m Vryslag



Carl Andrews

3de plek in Rugslag
5de plek in Rugslag

Baie geluk aan hierdie leerders met uitstekende swemresultate.

KRIEKETUITSLAE:

9 en 10 Januarie 2025 - Woodridge College 1st Boys vs HS Framesby 1ste Seuns

2 dag Tydkrieket

Spel begin daaglik om 08:45 en word gestaak om 16:00.

Woodridge wen die loot en kies om eerste te kolf.

Dag 1

1ste beurt

Woodridge teken 225/8 aan in 61 boulbeurte en verklaar.

Beste boulders:

- Dewan Wessels 6/1/12/2
- Christo Prinsloo 3/0/17/1

Framesby teken 70 almal uit aan in 22.1 boulbeurte.

Beste kolwers:

- Dewan Wessels 32 (36)
- JJ de Lange 18 (22)

Woodridge het dus 'n voorsprong van 155 lopies na albei spanne se 1ste kolfbeurt.

Woodridge begin met 2de beurt op dag 1 en eindig op 12/3 na 5 boulbeurte.

Dag 2 - Spel word hervat met Woodridge se 2de beurt.

Woodridge teken 138 almal uit aan in 36 boulbeurte. Voorsprong van 293 lopies.

Beste boulders:


- Miles Feltham 10/1/51/3
- Christo Prinsloo 5/2/20/3

Framesby teken 286/8 aan teen einde van Dag 2.

Beste kolwers:

- Logan Fleetwood 120 (137)
- Ruan Mathee 39* (51)

Wedstryd eindig onbeslis



ATLETIEKUITSLAE:

Atletiekuitslae vir Desember 2024 – Januarie 2025

Tydens die Desember/Januarie-vakansie behaal ons atlete die volgende uitslae:

04 Januarie 2025 – Throw Big, Throw Far byeenkoms (Mosselbaai)

Tamlyn Heyman

Dogters O/15

Hamergooi 1ste

Diskus 1ste

Gewigstoot 1ste

Spiesgooi 1ste

Desere Marx

Dogters 0.14

Hamergooi 1ste

Diskus 2de

Gesigstoot 2de

Spiesgooi 1ste

04 Januarie 2025 – First Choice 15 km Padwedloop (Jeffreysbaai)

Ilke Wolmarans - Eerste junior

Kylie Vermaak - Derde junior

SKAAKTOERNOOI:

Ruan Grigor en Ruben Bower het die vakansie aan CHESSA se Mzansi Interprovinsiale Skaaktoernooi in Limpopo vanaf 15-19 Desember 2024 deelgeneem. Hulle moes 7 rondtes skaak van 3 ure elk speel. Ruan Grigor het die 0/18 Oos-Kaap A Champion-span verteenwoordig en het 20ste in sy afdeling geëindig. Ruben Bower het die Oos-Kaap B Candidate-span verteenwoordig en 18de in sy afdeling geëindig. Framesby oudleerder, Tiaan Bower, het ook die Oos-Kaap tydens die byeenkoms in die Oos-Kaap Adult Champions afdeling verteenwoordig.

Die Oos-Kaap se 0/18 span is as die beste 0/18 Provinsiale skaakspan aangewys en beide leerders het ook hiervoor goue medaljes ontvang. Ons is baie trots op hul prestasies en deursettingsvermoë.



Kultuur



HOËRSKOOL FRAMESBY

KULTUUR

ontdek die



in jou



kultuur

HIER IS AL JOU
GELEENTHEDE !

KUNSKLUB (JUF. B JANSE VAN RENSBURG)

DANSKLUB (JUF. D ROBERTS)

LANDSDIENS (MNR. H TERBLANS / MNR. D BARNARD)

FLINKDINKERS (JUF. E MARAIS)

REDENAARSKLUB (MNR. H STRYDOM)

CHEERLEADERS (JUF. I OOSTHUIZEN)

F-MENSE (MEV. C COETZER)

FILANTROPE (JUF. L SCHELBERT)

FRAMESBY FOTO'S (JUF. L SCHELBERT)

MEDIASENTRUM (JUF. L VAN ROOYEN)

ROBOTIKAKLUB (JUF. M MOSS)

FANTASIA KOOR (JUF. J LOOTS)

FORUM (JUF. M SAAYMAN)

Enige Navraag?

Mev. C Coetzer

kultuurhoof@framesby.co.za

CSV (MNR. R BOTHA)

ENGLISH DEBATING (JUF. I MORGAN)

ENGLISH OLYMPIAD (JUF. I MORGAN)

KKINNIK (JUF. C POTGIETER)

FRUK (JUF. I ADENDORFF)

FRAMESBY HET TALENT (JUF. M STRYDOM)

KLANK EN BELIGTING (JUF. I ADENDORFF)

STEAL BAND (JUF. I ADENDORFF)


DEBATKLUB- DINK OF SINK (JUF. I LOUW)

ATKV-SWEEPSLAG/ DOGTERSTEE (JUF. S VAN EYK)

MENEER EN MEJUFFROU FRAMESBY (JUF. E JONKER)

FORTE (JUF. M ROODT)

MUSIEKKONSERTE(JUF. J LOOTS)



IS JULLE REGG?

KRITTE VS VISSSE



INTERHUIS ATLETIEK

20 JANUARIE 2025



OUERS WELKOM R20 TOEGANG (SLEGS KONTANT)



HOËRSKOOL FRAMESBY: INTERHUISATLETIEKBYEENKOMS

3. Program

MAANDAG, 20 JANUARIE 2024

7:20 AANTREE OP PAVILJOEN

7:30 - 8:30 AANKOMS VAN DIRIGENTE
- Visse betree eerste die veld, daarna die Kritte

ITEM NO.	TYD	ITEM	OUD GR	REK	REKORDHOUER	JAAR
1	8:30	3000M	DO/14	13:27,0	M. HAMILTON	2016
2	8:30	3000M	DO/15	11:45,1	L. DE BLOE	2016
3	8:30	3000M	DO/16	11:14,6	L. DE BLOE	2017
4	8:30	3000M	DO/17	10:37,8	L. DE BLOE	2018
5	8:30	3000M	DO/19	10:48,2	E. LOURENS	2008
6	8:30	DISKUS - 1kg	DO/14	36,02	A. KAPP	2012
7	8:30	VERSPRING	SO/16	6,25	B. ELLARD	2020
8	8:30	VERSPRING	DO/16	5,10	K. CLASEN	2002
9	8:30	HOOGSPRING	SO/15	1,72	G. DAVIS	2005
10	8:30	GEWIGSTOOT - 3kg	DO/15	12,66	A. KAPP	2013
11	8:45	3000M	SO/14	11:03,2	W. SMITH	2017
12	8:45	3000M	SO/15	10,02	A. VON GORDON	1995
13	8:45	3000M	SO/16	9:31,0	E. MARAIS	1999
14	8:45	3000M	SO/17	9:20,2	E. MARAIS	2000
15	8:45	3000M	SO/19	9:12,1	E. ELS	2000
16	9:00	400M H - 91,4	SO/19	57,8	R. GROBLER	2005
17	9:05	400M H - 84,0	SO/17	58,9	R. GROBLER	2004
18	9:10	400M H - 84,0	SO/16	63,5	B. SMIT	2008
19	9:10	GEWIGSTOOT - 3kg	DO/14	12,90	A. KAPP	2012
20	9:10	DISKUS - 1kg	SO/14	44,12	J. VAN BILJON	2016
21	9:10	HOOGSPRING	DO/16	1,55	LEA STEYN	2008
22	9:10	VERSPRING	DO/17	5,06	K. CLASEN	2003
23	9:10	VERSPRING	SO/19	6,60	B. ELLARD	2022
24	9:15	400M H - 76,2	DO/19	70,9	Z. BLACK	2023
25	9:20	400M H - 76,2	DO/17	67,82	Z. BLACK	2022
26	9:25	400M H - 76,2	DO/16	70,9	LEA STEYN	2008
27	9:30	300M H - 76,2	DO/14	47,1	H. MAREE	2005
28	9:35	300M H - 76,2	DO/15	47,0	H. MAREE	2006
29	9:40	300M H - 84,0	SO/14	46,6	L. SHARP	2012
30	9:45	300M H - 84,0	SO/15	45,1	D. VOIGT	2024



HOËRSKOOL FRAMESBY: INTERHUISATLETIEKBYEENKOMS

31	9:50	200M	SO/19	21,8	R. GROBLER	2005
32	9:50	VERSPRING	DO/15	5,23	K. CLASEN	2001
33	9:50	VERSPRING	SO/14	5,85	L. SHARP	2012
34	9:50	DISKUS - 1kg	DO/16	40,80	A. KAPP	2014
35	9:50	GEWIGSTOOT - 3kg	DO/17	13,76	A. KAPP	2015
36	9:50	HOOGSPRING	SO/16	1,85	Q. SONNEKUS	2002
37	9:55	200M	DO/19	26,0	M. BENADE	2010
38	10:00	200M	SO/17	23,1	MORNE DENYSSCHEN	2002
39	10:05	200M	DO/17	26,1	M. VAN JAARVELDT	2007
40	10:10	200M	SO/16	23,2	MORNE DENYSSCHEN	2001
41	10:15	200M	DO/16	26,8	K. CLASEN K. NELL	2002 2010
42	10:20	200M	SO/15	23,4	M. JEFTHA	2017
43	10:25	200M	DO/15	25,8	M. BENADE	2007
44	10:30	200M	SO/14	24,97	J. ROLLISON	2021
45	10:30	DISKUS - 1,5kg	SO/16	44,86	M. MARAIS	2013
46	10:30	VERSPRING	SO/17	6,88	B. ELLARD	2021
47	10:30	VERSPRING	DO/19	5,31	M. LOMBARD	1999
48	10:40	HOOGSPRING	SO/14	1,73	T. BARNARD	1998
49	10:30	GEWIGSTOOT - 4kg	SO/15	15,89	R. GERBER	1996
50	10:35	200M	DO/14	27,7	E. TAIT	1999
51	10:45	100M H - 76, 2	DO/17	15,32	A. VAN ZYL	2022
52	10:50	100M H - 76,2	DO/16	17,2	M. LOMBARD	1997
53	10:55	90M H - 76,2	DO/15	14,28	Z. BLACK	2020
54	11:00	90M H - 76,2	DO/14	14,5	T. STAPELBERG	2018
55	11:05	100M H - 84,0	DO/19	15,06	T. STAPELBERG	2022
56	11:10	100M H - 84,0	SO/14	16,6	L. SHARP	2012
57	11:10	DISKUS - 1kg	DO/19	39,56	A. KAPP	2016
58	11:10	HOOGSPRING	DO/17	1,62	L. KIELBLOCK	1997
59	11:10	GEWIGSTOOT - 5kg	SO/17	15,40	J. VAN BILJON	2019
60	11:10	VERSPRING	SO/15	5,93	J. JANSE VAN VUUREN	2024
61	11:10	VERSPRING	DO/14	4,85	H. MAREE	2005
62	11:15	100M H - 84,0	SO/15	14,8	D. WITBOOI	2022
63	11:20	110M H - 91,4	SO/16	16,0	L. SHARP	2014
64	11:25	110M H - 91,4	SO/17	15,0	L. SHARP	2015
65	11:30	110M H - 99,5	SO/19	15,0	R. GROBLER	2005
66	11:35	800M	DO/14	2:27,1	LIZE STEYN	2007
67	11:40	800M	SO/14	2:12,2	J. LOUW	2005
68	11:45	800M	DO/15	2:26,0	LIZE STEYN	2008
69	11:50	800M	SO/15	2:05,6	J. LOUW	2006
70	11:50	DISKUS - 1kg	DO/17	42,83	A. KAPP	2015
71	11:50	GEWIGSTOOT - 5kg	SO/16	14,21	J. PRETORIUS	2021
72	11:50	HOOGSPRING	DO/14	1,46	K. STRYDOM	2019



HOËRSKOOL FRAMESBY: INTERHUISATLETIEKBYEENKOMS

73	11:50	DRIESPRONG	DO/14			
74	11:50	DRIESPRONG	DO/15	9,42	M. ENGELBRECHT	2009
75	11:50	DRIESPRONG	DO/16	9,47	K. KLAASEN	2024
76	11:50	DRIESPRONG	DO/17	9,70	N. EICHARDT	2001
77	11:50	DRIESPRONG	DO/19	10,45	M. LOMBARD	1999
78	11:55	800M	DO/16	2:22,9	K. NELL	2010
79	12:00	800M	SO/16	2:03,5	J. LOUW	2007
80	12:05	800M	DO/17	2:26,5	A. COETZEE	2009
81	12:10	800M	SO/17	2:04,2	MICHAEL DENYSSCHEN	2002
82	12:15	800M	DO/19	2:23,4	V. OELOFSE	2018
83	12:20	800M	SO/19	2:02,0	A. VON GORDON	1998
84	12:30	100M	DO/14	13,2	A. VAN ZYL	2019
85	12:30	DISKUS - 1,5kg	SO/17	46,06	J. VAN BILJON	2019
86	12:30	GEWIGSTOOT - 4kg	DO/19	12,60	L. DU TOIT	1996
87	12:30	HOOGSPRING	DO/15	1,55	K. KLAASEN M. VAN DER MERWE	2023 2024
88	12:30	DRIESPRONG	SO/14	10,70	K. THORESEN	2023
89	12:30	DRIESPRONG	SO/15	12,07	K. THORESEN	2024
90	12:30	DRIESPRONG	SO/16	12,78	S. DU PLESSIS	1995
91	12:30	DRIESPRONG	SO/17	13,44	H. HORAK	2005
92	12:30	DRIESPRONG	SO/19	13,50	H. HORAK	2006
93	12:40	100M	SO/14	11,9	J. BEZUIDENHOUT M. JEFTHA	2002 2016
94	12:50	100M	DO/15	12,7	K. CLASEN	2001
95	13:00	100M	SO/15	11,4	M. JEFTHA	2017
96	13:10	100M	DO/16	12,8	K. CLASEN	2002
97	13:10	DISKUS - 1kg	SO/15	51,17	J. VAN BILJON	2017
98	13:10	HOOGSPRING	DO/19	1,65	A. APPELGRYN	2018
99	13:10	GEWIGSTOOT - 4kg	SO/14	14,73	F. SPAMER	2003
100	13:20	100M	SO/16	11,46	T. DANIELL	2011
101	13:30	100M	DO/17	12,6	K. CLASEN	2003
